## Die Fondasie van Neo-Spektrum:

Hier ontmoet ons 'n God wat LEWE en LIEFDE is
Hier erken ons dat die KRAG wat in ons is nie van ons is nie
Hier laat ons 'n GELOOFWAARDIGE stem hoor
Hier word alle mense MENSWAARDIG behandel
Hier is ruimte vir ANDERSDENKENDES
Hier gee 'n wysheidsirkel aan elkeen 'n STEM
Hier is geen VERWYDERING of VEROORDELING nie

### KONTAKBESONDERHEDE


Terblanche Jordaan
Tel: 083.460.45.45
**terblanche1@telkomsa.net**

**Webblad:** www.neo-spektrum.com
**Facebook:** Neo-Spektrum
**Leierspan:** dksmith1000@gmail.com


**ACIM: 4 Junie 19h30**

**Kolping: 31 Mei 19h30**

**Spiritualiteit Konferensie 4 Augustus**

**BOEKGROEP**
**Maandag 4 Junie 19h00**
lydia@africagrowth.com
**Marseille 15, Pinehurst**

### BESONDERHEDE VIR EPOS NUUSBRIEF EN SMS TEMA

Naam en Van

________________________________________

E-Mail____________________________ Sel____________________

### ADRES: 7 BICCARD STR. DURBANVILLE

Vanaf N1 — Durbanweg/Willie van Schoor afrit, reguit ± 8km tot by sirkel, uit in Koebergweg, tweede straat regs is:

### Maak vir ons 'n Maandelikse Bydrae asseblief

**Bankrekening vir bydraes**
**ABSA: Neo-Spektrum**
Takkode: **632005**
Rekening: **4083481065**
*Vorms is ook beskikbaar indien jy 'n **debietorder** wil teken*

**SnapScan**
Download APP vir jou foon. Installeer en gebruik met veiligheid.



# NEO-SPEKTRUM

## 27 MEI 2018

## ~ SPORE VAN HOOP ~

## VLIEG!

## STILTE IN DIE KAPEL

~ A Hundred Thousand Angels — Bliss ~

## IN DIE TEENWOORDIGHEID VAN GOD

En daar sit jy — 36,000" bo die grond;
teen 800km/h in 'n stuk staal wat 500 ton weeg;
met 'n glas wyn en grondboontjies in die hand.

Vlieg is soos om 'n musiek instrument te speel,
'n duisend goed gebeur gelyktydig
waarvan jy in beheer is maar gelyktydig met jou gebeur.
Vlieg, soos musiek, is 'n spirituele ervaring —
vere, soos note, vleg die spirituele melodie;
skoenlappers in die maag en 'n hart wat vinniger klop.
Niemand vlieg sonder vlerke nie!
Niemand het vlerke sonder vere nie!
Geloof en Liefde is jou vlerke — hoop is jou vere.
Laat die Ruag JHWH (Wind [Gees] van God) toe
om jou op te lig uit jou omstandighede
en te bevrug met 'n Goddelike HOOP.

## STILTE VAN BINNE

## *Voete, Vorentoe, Vlerke, Vlieg!*

- **Faith Conception** — geloof is om te sien, geloof is om te weet
- **Hope Expectant** — hoop is insig (wysheid) en uitsig (waarheid)
- **Love Birth** — liefde is voel, ontwaak, gedy (thrive), konneksie

==============================================================

## *When things fall apart, they fall into place*

- **A Cry for Love** — waar is jou hawe, jou anker, en jou bemanning
- **The Balance and Harmony of LIFE** — 'lost' does not mean: loser
- **Reassess the Situation** — staan 'n tree terug vir perspektief
- **Be Honest with Yourself** — sien illusies en persepsies vir wat dit is
- **Gratitude** — dankbaarheid ontsluit die krag van God om te vloei

Hoop is nie staties nie. Hoop is 'n reis waarin ons die kronkel-kronkels en klip-kerwe vat soos dit kom want ons weet ons eindbestemming is die oseaan. Ons deins nie terug vir die stroomversnellings en watervalle nie. Ons hou aan vloei. Ons hou aan groei. Hoop gee perspektief. Hoop plaas goed in konteks. Hoop ontsluit die potensiaal van ***endless possibilities***. Hoop lê aan die binnekant. Die krag van God vloei vanuit ons binneste. Waar daar liefde is, is daar hoop. Hoop verander, vernuwe en verfyn ons spirituele oë en ore. Hoop laat jou droom met oë oop. Hoop laat jou sien as dit donker is. Hoop help jou om anders te dink, anders te doen, anders te reageer en te onthou wie jy is as 'n vloed alles om jou wegvee. Hoop laat jou vlieg!

==============================================================

## *The Bigger Picture and Larger Purpose*

- **Awareness of Hope:** lê aan die binnekant en nie in omstandighede
- **Presence of Hope:** is nie weg net omdat ons dit nie sien/(h)erken nie
- **Living in the Now:** let go of illusions of yesterday and tomorrow

"Wherever you are, at any moment, try and find something beautiful. A face, a line out of a poem, the clouds out of a window, some graffiti, a wind farm. Beauty cleans the mind." — Matt Haig, 'Reasons to Stay Alive'

**[Lees: Gratitude - Louie Schwartzberg]**



# GIVING TRANSFORMS HAVING INTO BEING



~ MAD WORLD — ADAM LAMBERT ~

Waarom sê jy dan, Jakob, waarom praat jy, Israel:
"My weg is vir die Here verborge,
my reg gaan by my God verby"?
Weet jy dan nie, het jy nog nie gehoor nie?
Die ewige God is die Here, Skepper van die eindes van die aarde.
Hy word nie moeg nie, Hy raak nie afgemat nie
en sy insig is ondeurgrondelik.
Hy gee die vermoeides krag,
En vermenigvuldig sterkte vir die wat geen krag meer het nie.
Selfs jonges word moeg en raak afgemat,
selfs jongmanne in hulle fleur struikel,
maar dié wat op die Here wag, kry nuwe krag.
Hulle vlieg met vlerke soos die arende,
hulle hardloop en word nie moeg nie,
hulle loop en raak nie uitgeput nie.

**— Jesaja 40:27-31 —**

## Be the Awareness of the Presence of God

~ TODAY AGAIN — JUST JINJER ~